



# Die Rietfluit



Rietfluit familiebrief

Februarie 2006



“Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking” (Jak 5:16)

**Die gebed van ‘n invalide dame:** In die jaar 1909 ervaar die evangelis Jonathan Goforth ‘n merkwaardige werking van die Heilige Gees in Mantsjoerye. Die geheim? Iemand was besig om te bid. Dieselfde jaar besoek Goforth London. Hy word na ‘n invalide dame geneem wat op ‘n merkwaardige wyse gebruik is om vir ander in te tree.

Terwyl hulle gesels versoek sy vir Goforth om na haar notaboek te kyk. Daarin het sy van 3 dae aantekeninge gemaak waartydens sy ‘n spesiale gebedslas ondervind het om vir sy byeenkomste te bid. ‘n Gevoel van ontsag het oor mnr Goforth gekom toe hy beseft dat daardie datums presies die dae was waartydens hy bewus geword het van die kragtige werking van die Heilige Gees in Mantsjoerye.

**John Knox** het gebed en daar word gesê dat die koningin van Skotland 3 keer per dag in angssweet uitgeslaan het. Dit het gebeur tydens John Knox se gebedstye. As gevolg van sy gebed en lewe het bykans die hele destydse Skotland hulle tot God bekeer. Dit is een van die gevalle in die geskiedenis waar bykans ‘n hele volk in ‘n kort rukkie tot inkeer gekom het.



‘n Groot dankie dat jy bereid is om jou besondere gawe tot eer van die Here in te span. Jy’s vir ons elke sentimeter in goud werd!!

Harold is 19jr oud en is van Cradock, waar hy lof en aanbidding musiekleier was. Dis so heerlijk dat musiek nou werklik ‘n Bediening in ons gemeente word waarin die jeug en gemeente voorsanggroepe ook aansluiting vind. Ons sien uit na ‘n baie voorspoedige lof en aanbidding in 2006.

## Media biblioteek



### Uitneemtye:

**Dinsdae: 11:00 – 11:30**

**Sondae: 10:00 – 10:30**

Almal wat aangevra het om in die biblioteek diens te doen kan Johanna by 331 3531 skakel om in die diensrooster ingesluit te word

Kom word deel van 'n unieke media-ervaring met verskeie teologiese hulp tot ligte leesstof. Die bybeldagboeke kan vir 'n volle jaar uitgeneem word.




Op die oomblik is ons kosvoorraad baie laag. Daar word twee weekliks vir tussen 50 - 70 pesone kos voorsien. Hiermee doen ons 'n beroep op ons gemeentelede en selgroepe om ons te help deur blikkies kos aan ons te voorsien sodat ons kan uitreik na die persone in nood. Dankie aan u wat getrou vir ons bydraes maak.

## Diens van Barmhartigheid



### Werkersklas

Die dames wat die werkersklas aanbied nooi alle belangstellende gemeentelide en hul werkers uit om die naaldwerkklasse op Donderdag-middae by te woon. Daar is kundige dames wat u sal help met die maak van naaldwerk.



### Huis Yana

Bid asseblief vir Machiel wat in Denmar opgeneem is. Goeie nuus - Walter en Gerda, albei inwoners van Huis Yana het verloof geraak en tree op 22 April 2006 in die huwelik, geluk aan hulle twee

### Siekesorg

Die komitee vra of daar nie lede in die gemeente is wat betrokke wil raak om siekes tuis te besoek nie, ons wil graag 'n beroep op ons mans van die gemeente doen dat indien daar van hulle daartoe geroep voel om te help met die huisbesoeke u vir Pierre Malan (331 3119) kontak vir verdere besonderhede.

## Jakaranda Kinderhuis : Huis 4

### Inligting & Nuus

Daar was 'n interne verskuiwing: die getal kinders in die huis is nou 9, een seun is teruggeplaas by sy ouers en vier na 'n ander huis en skole.

*Baie welkom aan die nuwe huisouers, Arina en Pieter de Preez en hul twee seuns, Pieter en*

### Borg en ondersteun?

Die huis moet omhein word, die afstand is 'n 100 meter. Ons het heelwaarskynlik 'n skenking van 40 meter, maar sal vir die oorblywede 60 meter self moet sorg. As daar dalk van die gemeentelede is wat 'n bydrae wil lewer vir die oprigting van die heining, sal dit baie waardeer word. U kan met ds. Leon Tait (082 601 4233) of Alan Prentice (331 3626) kontak vir meer besonderhede.

*Dankie vir die Sondagvervoer:  
Frans Viljoen,  
Rudi de Beer en  
Connie Plaisier.*



Kontakbesonderhede van voorsitter:

Alan Prentice (331 3626)

\*\*\*\*\*

Welkom aan:  
Engela, Chris en Tilana Scheepers –  
16de Laan 521  
Haroldt Muller – Louis Trichardstr 665  
Danie en Colette Stassen met Megan  
en Franco – 13de Laan 582(b)  
Cornell en Sandra Bezuidenhout met  
Anuschka en A.C. - Ekklesia w/s no 10  
Desmond en Yolande van Niekerk -  
17de Laan 710  
(sien die foto's)

## Nuwe Intrekkerbediening



Volgende Oriënterings-geleentheid is 16 Mei!

# Gemeentebediening

## 'n Plek om te behoort

*Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*

**Efesiers 2:19**

*... ..die gemeente van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer van die waarheid.*


**Timoteus 3:15**

**Jou verhouding met God is persoonlik, maar God wil nie hê dit moet privaat wees nie.** In God se familie is jy met elke ander gelowige verbind, en ons sal vir ewig aan mekaar behoort. Die Bybel sê: "Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlike lede van mekaar."

3

**Jy word geroep om te behoort, en nie net om te glo nie.** Selfs in die volmaakte en sondevrye omgewing van Eden het God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie." Ons word vir 'n gemeenskap geskep, vir samesyn saamgevoeg, en vir 'n familie gevorm, en niemand kan God se doel alleen verwesenlik nie.

**Die Bybel ken geen afgesonderde heiliges of geestelike kluisenaars** wat van ander gelowiges afgesny is en van gemeenskap ontnem is nie. Die Bybel sê ons is saam, saamgevoeg, saam gebou, saam lede, saam erfgename, saam gepas, saam gehou, en sal saam ontvang word <sup>2</sup>. Jy is nie meer alleen nie.





## Oase vir ouers

### Kommunikeer jy opbouend met jou kind?

- Opbouende kommunikasie begin by jou positiewe gesindheid van aanvaarding (van jou kind).
- Stel opreg belang in jou kind. Vra belangstellend uit oor sy/haar dag voordat dieper praat.
- Luister met 'n oop gemoed na jou kind.
- Dink jou in, in jou kind se skoene.
- Maak en behou oogkontak met jou kind.
- Kyk na jou kind se lyftaal.
- Onthou die regte stemtoon! Skreeu of gil dryf weg, maak verskrik en ontsenu.
- Druk jou gevoelens eerlik en opreg uit en gee jou kind ruimte om dit ook te mag doen.
- Om agressief of aanvallend te wees beduiwel alles.
- Onthou julle hoef nie oor alles saam te stem nie.
- Die Heilige Gees is die Groot Helper ook in ons kommunikasie in die gesin!

***Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is kan moed inpraat.  
Jes 50:4***



## **40 DAE GEESTELIKE GROEI VELDTOG (AUGUSTUS-SEPTEMBER)**

Waar die veldtog ookal plaasvind getuig mense hoe die Here dit as 'n kragtige instrument gebruik om 'n stuk herlewing te bring in 'n gemeente en gemeenskap.

Een van ons buurgemeentes is tans besig met die veldtog en getuig van asemrowende seën. Dieselfde tyd as ons gaan Waverley gemeente ook die veldtog by hulle hou.

Die veldtog betrek alle lidmate, kleingroepe en erediensgangers op 'n spesiale wys.

Die leierspan vir die reëlings van die 40 dae veldtog het die eerste keer op 21 Februarie 2006 vergader.

*Bid* asb. vir hulle en vir die 40 dae veldtog van geestelike groei!

Hierdie is verseker die grootste uitdaging wat ons as gemeente nog aangepak het. Dit is verseker ook die grootste geleentheid vir herlewing in ons gemeente en gemeenskap !

*Hy kan doen ver bo wat ons bid of dink! (Ef 3:20) (Volgende maand (DV) meer inligting.)*



## Lidmate bo 65

Dan is die Kuierhoekie so 'n tuiste vir U! 'n Tuiste waar dié van ons wat reeds daar is al bogenoemde doen en ook saam bid en in mekaar se lief en leed deel. Kosbare vriedskappe word so gesmee.

Is u nog jong van gees, wil u graag op uitstappies na interessante plekke gaan, gaan flik of rustig saam met tydgenote verkeer?



Ons nooi almal van u wat nog nie deel daarvan is nie, om te kom en van uself te gee. Hou asb. solank Woensdag, 22 Maart oop wanneer ons weer vir u 'n byeenkoms met 'n gaskunstenaar aanbied..

Onthou: geluk is nie afhanklik van uiterlike omstandighede nie, maar van jou verhouding met God, jouself en jou medemense rondom jou.

Indien u enige navrae in verband met die Kuierhoekie het of vervoer nodig het, skakel asb. vir ds. Ernst Rischmüller (330 0632) of Sophie von Brandis (331 3993)



WÊRELDBIDDAG VIR MANS  
SATERDAG 4 MAART 2006

*Herinnering aan:*

*Wêreldbiddag vir mans - manne kom  
bid asb. saam vir die mans van ons  
gemeente en gemeenskap.*

*Alle mans en seuns wat wil, bid saam in die  
konsistorie 08:00 - 09:00 aan die  
hand van 'n paar spesifieke gebedsake  
t.o.v. mans en hulle behoeftes.*

*Vanaf 09:00 - 15:00 : kettinggebed*

*Manne, vul asb. jou  
naam in op die lys wat Sodae beskikbaar  
sal wees, by 'n tyd wat jou pas vir 'n  
halfuur van gebed hier op die kerkgronde.*




**Krag van gebed:** Senior  
Lidmaatbediening


## Moederskamer-projek

Aandag: Ouers met babas en klein kinders

Ons wil u graag uitnoui om in die kerkgebou te sit. Om hierdie rede het die Kerkraad goedgekeur dat praktiese aanpassings gemaak word binne die kerkgebou om ruimte te maak vir ouers van peuters en kleuters om werklik deel van die diens te kan wees - doop, nagmaal, bevestiging, sprekers wat onder staan, liede se woorde, "powerpoint presentation", voorsanggroep, ens. kan gesien word. Deelname aan opstaan, saamsing, geloofsbelydenis is moontlik – jy sien die ander gemeentelede dit doen en beleef saam die erediens.



Die praktiese aanpassing behels die volgende:




- (a) Die tweede en derde bank van agter af in die syblokke van die kerkgebou ( vir eers net aan die kant waar die moederskamer is – heel moontlik is dit genoeg spasie) word verwyder en die agterste ry en die spasie voor dit word vir ouers van kleuters en peuters gereserveer. Die oop spasie sal van 'n mat voorsien word. Eiendomsbediening kyk ook na die moontlikheid om met 'n houtafskorting net agter die (huidige) vierde bank van agter te keer dat speelgoed onder deur na vore rol, kinders in die paadjies afbeweeg ens.

- (b) Saam met bogenoemde voorstel

Die "Moederskamer" word "Babakamer" vir 0-3 jariges met hul ouer/s met:

- verbetering van die klank in die huidige moederskamer en voeg orrel en musiekklang daarby.
- Verbetering van die sig deur glas.
- Beter en sagter lugreëling.
- Beter beligting, die mat word vervang asook versiering van badkamer met inbou van opslaanbare doeke-omruilblad en drom wat dig toemaak vir vuil doeke.



- (c) Ook saam met bogenoemde voorstel:

Rig die konsistorie beter in, d.w.s. beter stemklank en musiekklink, asook 'n kleurmonitor met beweegbare videokamera en dan word die konsistorie gebruik vir mense wat agv gesondheidsprobleme bv moet rondbeweeg of staan of hul bene reguit voor hulle uit hou, of mense wat bv baie hoers en hulle is bang hulle pla as hulle tussen die ander mense in die kerkgebou sit.

U as gemeentede kan op 2 maniere hierby betrokke wees:

- (a)** om as gemeente wat omgee, positief ingestel te wees ten opsigte van ons kinders en babas (baie keer vra dit verdraagsaamheid wanneer situasies ontstaan waar 'n kleuter in die kerk effens steurend optree; natuurlik moet ouers ook sensitief wees vir die nodigheid om hul kleuter uit te neem wanneer nodig ter wille van ander lidmate in die erediens. Die wagwoord is balans. Wanneer 'n kind oormatig raas, kan die ouers na die babakamer beweeg of saam met hom/haar die kinderkerk bywoon – miskien agterlangs sit, en daarna na die kleuterkerk toe vat - 3 jaar tot gr 0).
- (b)** om fondse by te dra tot hierdie projek (wat as “Moederskamerprojek” bekend staan) met spesifieke dele:
  - (i) veranderinge binne kerk - uithaal van 2 banke / mat / houtafskorting
  - (ii) verbetering van bestaande moederskamer - klank / sig deur glas / lugreëling / mat / beligting
  - (iii) opgradering van toiletvertrek in huidige moederskamer - teëls / ligte / drom / blad vir doekomruiling, ens.
  - (iv) beter inrig van konsistorie - kleur monitor / kleur / video projektor / beter musiek- en stemklank.

\*\*\*\*\*



Afskeurstrokie

:

Moederskamerprojek

Ek,

.....  
(naam + tel), dra graag by tot hierdie projek deur middel van R ..... as  
finansiële bydrae of deur die borg of skenk van  
..... ('n spesifieke item op die lys hierbo)